SAWB SUPPORTS SA WINE & SPIRIT BOARD MOVE ON ILLEGAL FLAVOURANTS

The South African Wine & Brandy Company supports the South African Wine & Spirit Board's move to clampdown on producers who may be enhancing their wines by adding flavouring supplements. "As the Board says, people guilty of these practices are acting illegally and can be criminally prosecuted," says Dr Johan van Rooyen, CEO of the SA Wine & Brandy Company (SAWB) that represents all facets of the South African wine industry through four chambers – producers, cellars, labour and trade.

Referring to the Wine & Spirit Board's move to subject suspected cellars to scientific tests that had been developed over the past two years by Winetech, the SAWB's research arm, Van Rooyen said: "It is a pity that we have to resort to such measures, but we cannot allow a cloud of unethical practice to hang over the industry. The SAWB places a high premium on the ethical code to which winemakers must subscribe. The allegations that have been made about the illegal flavouring of wines taint the industry, its integrity and its reputation. This is why we shall assist and support the SA Wine & Spirit Board in identifying wrongdoers and bringing them before the law. It is important to accentuate the integrity of our industry, integrity being one of the pillars of the Wine Industry Strategy Plan (WIP).

Dr Van Rooyen reiterated that the SAWB and Winetech were currently working in close concert with South African Wine Industry Information and Systems, the Wine & Spirit Board, as well as Wines of South Africa and the National Department of Agriculture to identify possible culprits. "If these illegal practises are indeed happening, it is our joint obligation to see that they are eradicated.

"It is a pity that the allegations concerning the use of illegal flavourants are unsubstantiated," he said. "The SAWB together with the Wine & Spirit Board urges anyone with concrete evidence to present the information to the relevant authorities."

ISSUED BY EMILE JOUBERT

DATE 18 NOVEMBER 2003

INQUIRIES DR JOHAN VAN ROOYEN, SAWB (082-7853300)

EMILE JOUBERT (021) 448-2020

082-8862437

Emile Joubert
TOTAL MEDIA
Tel (021) 448-2020
Fax (021) 448-2525
Cell 082-8862437

Hiermee die finale persverklaring deur die SAWB op 18 Nov 2003.
Dankie vir almal se insette.
Groete
Johan van Rooyen

SUID-AFRIKAANSE WYN & BRANDEWYNMAATSKAPPY STEUN VELDTOG TEEN GEURMIDDELS

Die Suid-Afrikaanse Wyn- en Brandewynmaatskappy steun die Suid-Afrikaanse Wyn- en Spiritusraad se onderneming om wynvervaardigers vas te vat as gevind word dat hulle onwettige geurmiddels by wyne voeg. “Soos die Raad sê, indien daar sulke mense in die bedryf is, is hulle met onwettige praktyke doenig en kan krimineel vervolg word kragtens die wet wat sulke middels verbied,” het dr Johan van Rooyen, hoofamptenaar van die Suid-Afrikaanse Wyn en Brandewynmaatskappy (SAWB), gesê

Die SAWB bestaan uit vier eenhede – druiweprodusente, kelders, arbeid en die handel – en verteenwoordig die Suid-Afrikaanse wynbedryf in sy geheel.

“Hoewel diegene wat die beweringe maak nie enige kelder by die naam noem nie, kan ongegronde beskuldigings van hierdie aard ‘n vernietigende uitwerking op ons plaaslike en buitelandse markte hê en die beeld van die hele Suid-Afrikaanse wynbedryf skaad. Indien hierdie praktyke egter bestaan, is dit selfs meer vernietigend en moet dit met wortel en tak uitgeroei word.”

Hoewel die SAWB in hierdie stadium nog nie kennis dra van kelders wat geurmiddels byvoeg om die organoleptiese eienskappe van hul wyne te verhoog nie, werk sy navorsingsbeen – Winetech in samewerking met die Landbou Navorsingsraad en die Wyn- en Spiritusraad – reeds die afgelope twee jaar aan ‘n metode om onwettige geure op te spoor.

Met verwysing na die stelsel wat Winetech geskep het om onwettige middels op te spoor, het dr Van Rooyen gesê: “Dis ’n jammer dat die bedryf gedwing is om tot sulke stappe oor te gaan. Lede van Wynkelders Suid-Afrika het hulle egter reeds by ‘n kode

neergelê wat etiese wynmaak aanmoedig en daarop ingestel is om onwettige praktyke in die ban te doen.

“Waar ’n produsent se wyn tekens toon dat daarmee gepeuter is, sal hy swaar gestraf word,” het hy gesê. “Dit sal nie slegs op kriminele straf kragtens die wet neerkom nie, maar ook weens die skade aan die beeld van daardie kelder. Ons kan nie toelaat dat ‘n wolk van onetiese optrede oor ons bly hang nie. Dit is nou belangrik om die integriteit van die Suid-Afrikaanse wynbedryf bo alle twyfel te bevestig. Dit vorm een van die hoekstene van die Wynbedryf Strategie Plan (WIP).”

Dr Van Rooyen het gesê die saak geniet die gesamentlike aandag van die Suid-Afrikaanse Wyn- en Spiritusraad, die SA Wynbedryf-Inligting & Stelsels (SAWIS), Winetech, Wines of South Africa en die Nasionale Departement van Landbou.

“Dit is jammer dat die beweringe oor hierdie saak ongestaaf gebly het,” het dr Van Rooyen gesê. “Die SAWB doen ‘n beroep op almal met konkrete bewyse om na vore te kom sodat na behore opgetree kan word.”

UITGEREIK DEUR	EMILE JOUBERT
DATUM	18 NOVEMBER 2003
NAMENS	SAWB
NAVRAE	JOHAN VAN ROOYEN, 082-7853300
	EMILE JOUBERT (021) 448-2020 or 082-8862437

Emile Joubert

TOTAL MEDIA
Tel (021) 448-2020
Fax (021) 448-2525
Cell 082-8862437